

**26 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 9:26-31**  
**FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 9:27c, 31b**

**God se barmhartigheid is groter as ons sonde**

Die wet is vir 'n derde keer aan die volk voorgelees. Dit was 'n vasdag – ons sou dit 'n verootmoedigingsdag noem. Die Here God wil die volk lei tot skuld- en sonde-erkenning en -belydenis, want die volk het verkeerd opgetree. Hulle het God se boodskappers doodgemaak omdat hulle nie gehou het van die boodskap wat hulle gehoor het nie. Daarom het God hulle in die hande van hulle vyande oorgegee sodat hulle in ballingskap weggevoer is. Maar telkens wanneer hulle in ballingskap was, het hulle hulle klere geskeur en as op hulle koppe gestrooi en na God geroep. Dan skenk God uit genade redders wat hulle uit die ballingskap uitlei, net sodat hulle weer in sonde val en hulle rug op God draai. Die volk ken die wet – hulle weet wat God van hulle eis en hoe Hy wil hê dat hulle moet lewe, maar hulle verkies om in die sonde te gaan rol. Ons sou dink dat God eenmaal sou vergewe en dan dalk nog 'n keer, maar dan ophou. Ons as mense is so, maar God is genadig en barmhartig. Sy hart brand warm vir sy kinders al stel hulle Hom so gereeld teleur met hulle optrede. Keer op keer stuur God profete om die volk op die regte pad terug te roep, maar keer op keer dwaal hulle af.

Sondag na Sondag sit ons in die erediens en hoor God se wil vir ons lewe. Telkens draai ons ons rug op sy wil en doen soos ons goeddink. Ook ons is soms moedswillig en traag in ons toewyding en diens aan God. God waarsku ons ook keer op keer, maar ook ons ore het doof geword vir God se stem. Steeds laat God ons nie aan ons eie lot oor nie.

Die kern wat ons uit hierdie gedeelte moet leer, is dat God se barmhartigheid groter is as ons ongehoorsaamheid en eiewilligheid. Dank God met 'n toegewyde lewe daarvoor!

*Sing: Skrifberyming 20-1:1, 4, 5*

*Ds Human Coetsee (Durban-Noord)*